# HOEPHOEP

BIRDLIFE WESVAAL KLUB/
BIRDLIFE WESVAAL CLUB
NUUSBRIEF / NEWSLETTER




## APRIL 2024

**Jaargang 39 (1)**
**Nr. 141**

## INHOUD

3. Etiese Gedragskode vir voëlkykers
4 BLWV Portefeuljes
5. BLWV Program
5. Ledegeld verhoging\
6. Uit die Voorsitter se Nes
7. Redaksioneel
7. Nuwe lede
8. Waarom Hoephoep

**KLUBAANDE**

9 Show & Tell
11. BLWV - 40ste Verjaarsdagpartytjie
13 Die Man agter die vere

**UITSTAPPIES**

14. Verlorenkloof Naweekuitstappie
16. Oudevlei Gasteplaas uitstappie

**BYDRAES VAN LEDE**

19. OPM Prozesky Voël Reservaat
20. White-Fronted Plover
21. Barn Swallows
24. Namibië Januarie 2024 Toer
31. In die natuur - Mensgemaakte struktuur
33. Verrassing op Kerkenberg
34. My ervaring as klublid
35. 40 Jaar
36. Intuition, Compassion, Good Intent
36. No, it is not photoshopped
37. Birding Big Day 2024
38. Agterblad



Stuur asb. enige artikels, interessante waarnemings en foto's vir publikasie in die Nuusbrief aan die Nuwe Redakteur??



## ETIESE GEDRAGSKODE VIR VOËLKYKERS

Voëlkykers het ten alle tye ‘n verpligting om wildlewe, die natuurlike omgewing en die regte van ander te beskerm. Ons verskaf leierskap deur te hou by riglyne van goeie voëlkyk gedrag.

**1 Voëlkykers stel nie die welsyn van voëls of ander wildlewe in gevaar nie.**
**Ons sal:**
Voëls waarneem en fotografeer sonder om hulle doelbewus te versteur
Dit vermy om voëls te verjaag en herhaaldelik uit skuilplekke op te jaag
Klankopnames en soortgelyke metodes om voëls te lok spaarsamig gebruik en ook nie in gebiede met baie voëls of gedurende die broeiseisoen nie
Behoorlike afstande van neste en neskolonies hou, hulle nie versteur of aan gevaar blootstel nie
Nie voëls en eiers hanteer behalwe in erkende navorsingsaktiwiteite nie.

**2 Voëlkykers doen nie die natuurlike omgewing skade aan nie.**
**Ons sal:**
Op bestaande paaie, spore en paadjies bly om vertrapping of versteuring van sensitiewe habitat te vermy
Alle habitatte laat soos ons dit gevind het.

**3 Voëlkykers respekteer die regte van andere.**
**Ons sal:**
Die privaatheid en eiendom van ander respekteer deur te let op “Geen toegang” tekens, en toestemming vra om privaatgrond te betree
Bedagsaam wees in ons kontak met ander deur byvoorbeeld versoeke vir inligting te beperk en dit ook op redelike tye doen
Altyd op so ‘n wyse optree om die beeld van die voëlkykersgemeenskap in die oë van die publiek te verbeter.

**4 Groepe voëlkykers het spesiale verantwoordelikhede.**
**Ons sal:**
Spesiale sorg dra om probleme en versteuring te verminder wat gewoonlik toeneem as daar meer mense teenwoordig is
Die belange van die groep, sowel as ons eie, in ag neem
Deur ons dade, die verantwoordelikheid van die groepleier(s) vir die gedrag van die groep ondersteun.
As groepleiers sal ons:
o Verantwoordelikheid aanvaar vir die gedrag van die groep
o Op hoogte kom van, en die groep inlig oor enige spesiale reëls, regulasies of gedrag van toepassing op die gebied of habitat wat besoek word
o Groepe beperk tot ‘n grootte wat nie die omgewing of die vrede en rustigheid van ander bedreig nie
o Aan ander die etiek van voëlkyk leer deur woorde en voorbeeld.



# BLWV PORTEFEULJES

| POSISIE | WIE | VERANTWOORDELIKHEDE |
|---|---|---|
| BESKERMHEER | Rudy Erasmus | Beeld van BLWV |
| VOORSITTER | Pieter Labuschagne<br>Sel: 082 908 7965<br>pieter1789@gmail.com | Lei van vergaderings<br>Uit die Voorsitter se nes<br>BBD kompetisie<br>BLSA verslae<br>Algemene skakeling met BLSA |
| O/VOORSITTER | Roy Byers<br>Sel: 082 444 4917<br>rbyers@telkomsa.net | Kompetisie |
| SEKRETARIS/<br>NOTULEHOUER | Lawren Oelofse<br>Sel: 082 453 6796<br>Lawren.oelofse@gmail.com | Notule en Agenda<br>Kommunikasie<br>BLWV Jaarlikse Voëllys |
| TESOURIER | Johan Yssel<br>Sel: 082 828 4396<br>jyssel64@gmail.com | Finansies<br>BLWV Ledegeld<br>BLWV Ledelys |
| BLSA | Tom Drinkwater<br>Tel: 018 290 6037<br>drinkwater00@telkomsa.net | Kommunikasie met BLSA ivm ledelys, adresse en besonderhede<br>Presensielys van alle lede |
| PROGRAMME/<br>SOSIALE MEDIA | Lieske Burger<br>Sel: 083 749 8424<br>lieskeburger0@gmail.com | Koordineer en herinner aan -<br>Klubaande en Uitstappies<br>Reël van sprekers en onkoste<br>Sosiale Media |
| NUWE LEDE<br>SABAP2 | Alet Steyn<br>Sel: 064 900 0104<br>attasteyn57@gmail.com | Verwelkoming by Klubaande<br>Nuwe lede & Naamkaartjies<br>SABAP2 |
| BEWARING | Nick Jonas<br>Sel: 082 741 3276<br>nickcjonas@yahoo.com | Rooivalkie telling<br>Prozesky<br>Skakeling met Herald |
| HOEPHOEP | VAKANT | Redakteur van Hoephoep<br>Reël verversingsbeurte vir klubaande |



# BIRDLIFE WESVAAL

## JAARPROGRAM – 2024

| | KLUBAAND | DAGUITSTAPPIES | NAWEEKUITSTAPPIES |
|---|---|---|---|
| Februarie | Show & Tell<br>1/2 | Oudevlei Gasteplaas<br>17/2 | |
| Maart | 40ste Verjaarsdag<br>7/3 | | Elgro River Lodge<br>21-24/3 |
| April | Aandbyeenkoms<br>4/4 | Boskopdam NR<br>13/4 | |
| Mei | Prof R Pieters<br>2/5 | Vredefortkoepel<br>11/5 | |
| Junie | Sjop & Sjerrie<br>6/6 | Ditsong Museum<br>22/6 | |
| Augustus | Namibietoer<br>1/8 | Griffon Reabilitasie Sentrum<br>17/2 | |
| September | Ditsong Museum spreker<br>5/9 | | Kgaswane N/P<br>13-15/9 |
| Oktober | Studente projek<br>3/10 | Abe Bailey NR<br>19/10 | Bloemhofdam<br>25-27/10 |
| November | Algemene Jaarvergadering<br>7/11 | | Punda Maria<br>12-15/11 |



Tydens Algemene Jaarvergadering is ‘n Ledegeld verhoging van R20 per kategorie voorgestel en aanvaar.

Nuwe Ledegeld dus:

| | |
|---|---|
| -Individu | R150 |
| -Senior 60jr | R120 |
| -Bona Fide Student | R120 |
| -Gade van Hooflid | R 50 |
| -Kind | R 50 |

Daar word verder voorgestel en aanvaar dat opbetaalde lede vanaf 1 April 2024 afslag sal kry op uitstappies waar koste verbonde is. Lede sal dus ‘n goedkoper tarief betaal as nie-lede.

Vir enige onduidelikheid kan u Pieter Labuschagne gerus skakel.

## UIT DIE VOORSITTER SE NES

## BIRDLIFE WESVAAL AKTIWITEITE

Tydens die algemene jaarlikse klubvergadering is bestuurslede verkies en 'n jaarprogram is saamgestel.
Verskeie voorstelle vir aktwiteite soos dagbesoeke, naweekbesoeke en lang toere word ontvang.
Die klub wil nuwe plekke besoek, nuwe voëlspesies sien, identifiseer en sosiaal met klublede en vriende te kuier.
Die besoeke word op eie risiko bygewoon en 'n vrywaringsvorm word onderteken. Klublede en besoekers is verantwoordelik vir hulle eie uitgawes verbonde aan die besoeke.
Die besoeke skep die ideale geleentheid om vriende te maak, voëls te leer ken en net lekker saam te kuier in die natuur. Ervare klublede sal nuwe lede bystaan tydens die besoeke.
Daar is ook geleentheid om jou voëllys uit te brei, 'n liefde vir die natuur, bos en diereryk te kweek.
Ons nooi graag al ons klublede en vriende uit om die besoeke by te woon. Wie weet …. een van die dae het jy ook 'n nuwe stokperdjie


Pieter Labuschagne









## REDAKSIONEEL

Wow, kan nie dink dat hierdie my laaste Hoephoep is nie, sal dit seker mis, maar ek dink nuwe bloed is nou nodig.
Baie dankie dat ek vir jul 'n nuusblad kon verskaf vir 22 jaar.
Die blad is vol foto's en ek hoop jul sal dit geniet. Baie dankie Marietjie vir jou hulp en bystand met die twee Hoephoepe, word baie waardeer.
Dankie aan die Bestuur en al die lede, vir 'n uitsonderlike lekker 40 jaar partytjie asook die Feesnaweek by die Elgro, dit was regtig uitstaande en 'n fees soos min. Was ook so lekker om ou voëlklub lede weer te sien. Dankie ook aan Kobus Fourie dat ons by die Elgro River Lodge kon feesvier, dit was 'n heerlike ervaring.
Kom ons maak die res van hierdie 40-jarige herdenkjaar ook baie spesiaal en woon die aand byeenkomste en uitstappies by.
Wat vir my ook 'n riem onder die hart was, is die baie nuwe lede wat by die klub aangesluit het, julle moet dit geniet want hierdie groep mense is voorwaar baie kundig en spesiaal.
Kom en doen aansoek vir die saamstel van die volgende Hoephoep, moenie dat dit doodloop nie.
Groetnis
Petro



## NUWE LEDE WAT IN 2024 AANGESLUIT HET

Baie welkom aan die volgende nuwe lede wat in 2024 by die Wesvaal Voëlklub aangesluit het. Geniet die Klubaande en Uitstappies

1. Margie Constantinidis
2. Pieter Combrinck
3. Gerhard Botha
4. Amanda Botha
5. Louise Boshoff
6. Jannie Boshoff
7. Francois Botha
8. Marlene Botha
9. Jors Dannhauser
10. Ronel Dannhauser
11. Cara Fourie
12. Henry Fourie
13. Lisa Kruger
14. Petrus Laubsher
15. Jacolette Laubscher
16. Ronel Roscher
17. Mari van der Westhuizen
18. Francien Louw
19. Flip Louw

Indien klublede 'n voëlspesie in suidelike Afrika (op hul toere en uitstappies) sien wat nie op die spesielys voorkom nie, stuur asseblief die nuwe info deur Lawren Oelofse Lawren.oelofse@gmail.com

# Waarom die Hoephoep?




Ina Stiglingh, stigter van die klub, het destyds 'n gewone vleiloerie in haar tuin gehad en wou graag die gewone vleiloerie as embleem vir die Voëlklub gebruik. Ander lede het hom egter gediskwalifiseer as embleem, aangesien die vleiloerie se wreedheid lê in die feit dat hy neste plunder en ander klein voëltjies vreet. Die Hoephoep daarenteen, het 'n meer aanvaarbare dieet. Hy het 'n lang slanke snawel effens na onder gekrom, en die punt is effens oop wanneer dit in die grond ingesteek word op soek na larwes, erdwurms, termiete, paddatjies, slangetjies en akkedisse, en soms word blare en droë mis ook omgekeer vir insekte. Maar, nie Ina of enige van die "oues" kan onthou waarom juis die Hoephoep gekies was nie! Die soektog duur voort.




Hoephoep (African Hoopoe) [Upupa africana], SuidSotho = Popopo, Tswana = Pupupu.

Bruin (kaneelbruin/rooibruin) met duidelike swart-en-wit (soms roomkleurig) bande oor die vlerke en met 'n swart stert. Wyfies gewoonlik 'n dowwer rooibruin. Die kuif-vere, bruin met swart punte, lê platgevou op die kroon met 'n punt na agter. Die kuif is waaiervormig as dit opgerig word wanneer die voël kom land of pronk of verontrus voel, en in verdediging is die vlerke en stert ook oopgesprei. Bruin oë. Bene grys-swart en kort. Vlerke breed en gerond. Vlieg golwend. Grootte soos 'n rooiborsduif (25-27cm, ± 57gram).




Hoephoepe lê soms beweginglloos op die grond met die kuif platgevou en vat soms 'n stofbad. Die hoephoep het 'n verskeidenheid roepe/geluide, byvoorbeeld wanner hy opvlieg; vir advertensie; van opgewondenheid; om die wyfie se aandag te trek; wanneer hy in gevaar is en daar versteuring by die nes is en wanneer 'n indringer verjaag word, ens. Hulle reageer vinnig op ander voëls se alarmroepe.

Kom wyd verspreid voor in boomveld, bosveld, parke en tuine, behalwe in baie droë dele in die Karoo. Hoephoepe bou nie self neste nie en nes in 'n verskeidenheid holtes wat nie gevoering word nie, of op plafonne. Broeityd is 15 -16 dae gedurende Aug. tot Feb. 4 - 7 Eiers word 'n dag of 2 uitmekaar gelê. Kleintjies vlieg na ±30 dae, maar is nog 'n maand lank afhanklik van die ouers. Die Hoephoep word gejag deur arende en valke.

(Roberts Bird Guide en ander bronne.)











**KLUB AANDE**

## BIRDLIFE WESVAAL: FEBRUARIE 2024

Die jaarprogram het op 'n hoogtepunt afgeskop met die klubaand op 1 Februarie 2024. Daar was 46 klublede en besoekers en ons is baie opgewonde oor drie laerskool leerlinge wat ons "show & tell" bygewoon het. Bestuur het ook kennis geneem van verskonings van verskeie lede.

'n Video opname van OPM Prozesky Voël Reservaat wat in 1989 in Potchefstroom verfilm is, word aan die lede gewys. Andre Walters 'n bekende aanbieder van die 50/50 program het saam met Sam de Beer, Marietjie Ferreira en verskeie klublede die video geskied. Die video het spesiale herinneringe vir al die klublede gehad.

Esmè Labuschagne wys vir ons 'n bemarkings-video wat al verskeie kere op Nuuspod, wat deur Izak du Plessies aangebied word op YouTube. Izak is 'n natuurmens en 'n groot voëlsman en hy vertel van die klub se 40 Jarige Feesvieringe. Baie dankie Izak ons waardeer jou baie.

Alet Steyn vertel van al die harde werk agter die Gedenkblad en die inligting, fotos en stories wat van klublede ontvang is. Sy vertel opgewonde dat die inhoud van die boek voltooi is en dat die uitleg tans gedoen word. Daarna sal die druk van 'n kleur glansboek volg, die boek het ongeveer 86 bladsye. Baie dankie aan die komitee en almal wat bydraes gestuur het. Terwyl Alet haar plek inneem daag sy klublede uit om geld by te dra vir die feesviering en R1800.00 is so loop, loop ingevorder. Baie dankie vir al jou inisiatief Alet.

Die Voorsitter Pieter Labuschagne nooi alle klublede uit na die 40 ste verjaarsdag partytjie van BirdLife Wesvaal op 7 Maart 2024 by die Elgro Hotel. Vonkelwyn, verjaarsdagkoek en heerlike worsrolle gaan bedien word. Dit gaan 'n lekker kuieraand wees. Fotos gaan ook gedurende die partytjie geneem word. Kom kuier saam.

Pieter kon nie genoeg sy waardering en dank uitspreek oor die belangstelling en betrokkenheid van die klublede en vriende van BirdLife Wesvaal nie. Hy bedank al die klublede, die Feeskomitee, die Gedenbladkomitee en Kobus Fourie en al sy personeel.

Baie dankie aan Marietjie, Stefan, Pieter, Tommie, Johan, Sophie en Willie vir die deel van julle pragtige fotos en mooi stories. Elke foto en beskrywing was baie besonders gewees. Johan Nel het sopas teruggekeer van die Kaap af en wys met trots sy fotos van sy drie nuwe "lifers". Vanaf Lambertsbaai die Australiaanse Malgas en die Bruinmalgas en ook die Amerikaanse Goue Strandkiewiet wat hy in die Kaappunt Natuurreservaat afgeneem het.

BirdLife Wesvaal se "show & tell" was weereens 'n reuse sukses gewees!

Pieter Labuschagne













## BLWV : 40STE VERJAARSDAGPARTYTJIE

Op Donderdag 7 Maart 2024 vergader meer as 70 voëlliefhebbers om 17:45 by die Elgro Hotel. Teen 18:00 tref 'n donderstorm Potchefstroom en ons planne van 'n groepsfoto langs die swembad verander vinnig na 'n binnenshuis fotosessie. Na die groepfoto neem die gaste hul plekke in met 'n glasie vonkelwyn in die hand.
Die klubbyeenkoms word deur Roy Byers, Ondervoorsitter van die klub met gebed geopen. Gaste word hartlik verwelkom deur die Voorsitter, Pieter Labuschagne. Jare lange vriende van die Voëlklub vanaf Klerksdorp, Stilfontein, Orkney en Ventersdorp het saam op Potchefstroom kom feesvier.
Die maand, veertig jaar gelede op 22 Maart 1984 het Ina Stiglingh en 11 vriende besluit om 'n Voëlklub te stig. Rudy Erasmus, Beskermheer het 'n inspirerende verjaarsdagboodskap gelewer en 'n heildronk ingestel op BirdLife Wesvaal sowel as op die toekoms van die klub.
Erkenning is ook gegee aan klublede wie die langste lede van die Voëlklub is. Pragtige fotos is deur Tian du Preez geneem terwyl Rita Marais, Petro Lombard, Marietjie Ferreira, Rudy Erasmus, Nick Jonas en Whitey van Pletzen die verjaarsdagkoek gesny het.
Daarna was dit "storietyd"
Verskeie klublede het met grasie en in detail hulle herinnerige en ervarings oor en van die klub gedeel. Wonderlike avonture, mooi herinneringe en groot dankbaarheid is deur almal benadruk.
BirdLife Wesvaal is baie bevoorreg en dankbaar vir nuwe en veral jonger klublede wat betrokke geraak het by die klub die afgelope 6 maande.
Alet Steyn die sameroeper van die Gedenkbladkommitee se susterskind Rikus van der Merwe het tydens die samestelling van die Voëlklub se Gedenkblad sy eie voëlsketse gemaak. Ongelooflik is die feit dat die sesjarige elke voël tot in die fynste detail rakende hul spesifieke eienskappe geteken het. Fotos van sy sketse is gewys en het bygedra tot die sukses van die aand. BirdLife Wesvaal het met die klubbyeenkoms lekker fees gevier maar het ook hulde gebring aan die stigterslede en pioniers van BirdLife Wesvaal. Die klub het 40 jaar lank gewag vir die onvergeetlike geleenheid. Erkenning is ook gegee aan die Feeskoördineerder, Lawren Oelofse en lede van die Fees-komitee en die Gedenkbladkomitee vir hulle harde werk en puik reëlings.
BirdLife Wesvaal is opreg dankbaar vir alle klublede, vriende, borge, donateurs en ondersteuners wat dit moontlik maak dat die klub in 2024 kon fees vier.

Pieter Labuschagne






## TERUGVOERING VAN FEESNAWEEK

Reeds vroeg in April vergader 41 klublede en vriende by die Elgro Hotel.
Terugvoering word gegee van die heerlike en suksesvolle "Birding weekend" wat op 21 tot 24 Maart 2024 by die Elgro River Lodge plaasgevind het.
Pieter Labuschagne bedank weereens alle klublede en vriende van die Voëlklub vir hulle belangstelling en ondersteuning. Al die borge en donateurs word ook bedank vir hul betrokkenheid by die Voëlklub.

Lieske Burger het 'n lesing aangebied met die tema: "Deeglike Duitse Ornitoloë"
In die 18 de eeu het Eduard Rűppell, Gustav Hartlaub en Theodor von Heuglin Suiderlike Afrika deurkruis in die soektog na minerale en kosbare grondstowwe.
Die manne was nie net ontdekkingsreisigers nie maar ook wetenskaplikes. Gedurende hulle ekspedisies is verskeie voëls ontdek, versamel en beskryf.
Daar is onder andere verskeie voëlspesies na die Ornitoloë vernoem soos:
Hartlaub's gull /Hartlaub meeu,
Hartlaub's Spurfowl /Klipfisant
White-browed en die Robin-Chat /Heuglinse janfrederik.
Lieske baie dankie vir die interresante inligting. Dit was 'n aardrykskundige, geskiedkundige en voëlkundige lesing, alles in een.
Klublede teenwoordig en ons vyf nuwe besoekers het heerlik gekuier en die byeenkoms is afgesluit met lekker verversings voorsien deur die vriendelike dames - Esme Labuschagne, Dalene Lombaard, Marietjie Ferreira en Zoëgne Luyt.

Pieter Labuschagne







# DIE MAN AGTER DIE VERE: "DEEGLIKE DUITSE ORNITOLOË"

In my vorige praatjie het ek gepraat oor die eerste ontdekkenings reisigers, versamelaars, Levaillant, Burchell en Ayers. In die praatjie is die klem op Duitse ornitholoë.

‘n Groot aantal voëls wat endemies of naby endemies is aan Namibië is na die ornitoloë of versamelaars vernoem byvoorbeeld Ruppell’s parrot, Ruppell’s korhaan, Hartlaub’s spurfowl, Barlow’s lark, Stark’s lark, Herero chat, Bengulla long billed lark, Monterio’s hornbill, Carp’s black tit.

• In die praatjie gaan ek fokus op Gustav Hartlaub, Theodor von Heuglin en Eduard Ruppell.

*** Eduard Ruppell**

Gebore Frankfurt am Main 20 November 1794 oorlede 10 Desember 1884.

Daar is van hom verwag om ‘n handelaar of bankier te wees maar, na sy eerste ekspedisie in 1817 het hy ‘n belangstelling in natuur geskiedenis ontwikkel.

• Eerste ekspedisie 1817 – Sinai
• Hy reis in Noordoos-Afrika.
• Hy publiseer wetenskaplike beskrywings van die verskillende diere en plante wat hy gevind het.
• Hy en ander mede-werkers het verskeie boeke gepubliseer.
• Daar word geskat dat hy 32 nuwe genera en 450 spesies beskryf het.

Spesies van Suider-Afrika: Ruppell’s korhaan, Ruppell’s parrot

***  Gustav Hartlaub**

8 November 1814 tot 29 November 1900

Hartlaub is in Bremen gebore. Hy het medisyne/geneesheer studeer in Bonn en Berlyn voor hy gegradueer het in Gottling in 1840.



Hy het begin om eksotiese voëls te versamel en beskryf. Hy skenk sy versameling aan Bremen natuurhistoriese museum. Van die spesies het hy die eerste keer beskryf. Daar word gereken dat hy oor die 100 spesies globaal beskryf het.

Die voëls van Suider-Afrika: Hartlaub’s spurfowl en Hartlaubs gull.

*** Theodor von Heuglin**

Hy is gebore 20 Maart 1824 in Wartenburg.


Sy oorspronklike opleiding was die van myningenieur. Sy ambisie was om ‘n wetenskaplike ondersoeker van onbekende dele te wees dus studeer hy ook Natuurwetenskap.

• In 1850 gaan hy na Egipte om Arabies te leer en verken ook die Rooisee en Sinai.
• 1852 ‘n ekspedisie na Ethiopië en Sudan.
• 1860 ‘n ekspedisie na Sudan.
• 1875 ‘n laaste ekspedisie na Noordoos Afrika.
• Heuglin’s Janfrederik - Hierdie voël was eerste beskryf deur die Duitse ornitoloog Gustav Hartlaub. Hy het ‘n spesimen wat van die Sudan af gekom het beskryf en dit vernoem na Heuglin.

Samevatting

• Die drie Duitse ornitoloë kan gesien word as die vroeë wetenskaplikes en ontdekkingsreisigers.
• Hulle het nuwe spesies ontdek, versamel en beskryf.
• Deur hulle het die Wetenskap uitgebrei en dit het ook ander wetenskaplike dissiplines beïnvloed.
• Nuwe streke is ontdek en beskryf.








## VERLORENKLOOF NAWEEKUITSTAPPIE

Net so 'n vinnige opsomming van ons onvergeetlike naweekuitstappie. Johan Nel het reeds in 2022 voorgestel dat die Voëlklub Verlorenkloof naby Dullstroom en Lydenburg besoek.
Na 11 maande het die tyd aangebreek en het 16 klublede die naweek van 1 - 4 Desember 2024 tussen die mooiste berge, damme en waterstrome gaan kuier.
Die Breëstertsanger/Broad-tailed Warbler was beslis die trekpleister gewees. Die meeste van ons kon die "lifer" afmerk en ons voëllys is nogal indrukwekkend vir die naweek. Lede het ook verskeie ander "lifers" afgemerk en gefotografeer.
Ons het vroegoggend om 5 uur saam met Lukas ons voëlgids die grasvlaktes, vleivelde en bosareas deurkruis opsoek na lewerikke, tinktinkies en koesters. Die natuurskoon was ongelooflik gewees en die staptog na die watervalle was uitputtend, maar die skoon helder waterlopies was verfrissend gewees.
Verlorenkloof is 'n wonderlike voëlkykarea en soek jy nog spesifieke "lifers" is dit die plek om te besoek. Ons as klublede het heerlik gekuier, saam gestap en voëls gesoek. Dit was voorvaar 'n fees gewees.
Baie dankie Johan vir jou reëlings en elkeen wat die naweek meegemaak het. Beslis is daar nuwe vriendskapsbande gesmee.
Ons maak beslis weer so!
Pieter Labuschagne

















# OUDEVLEI GASTEPLAAS UITSTAPPIE





Op Saterdag 18 Februarie het 20 lede van die Wesvaal voëlklub na Oudevlei gasteplaas gegaan. Oudevlei gasteplaas is so 12 km uit Potchefstroom in die Oudedorp omgewing. Dit is aan die walle van die Mooirivier net stroom-af van Boskopdam. Dit was ‘n eerste keer dat die klub Oudevlei besoek.

Ons het vroeg oggend van die Elgro Hotel vertrek en is hartlik ontvang deur die eienaars Ewan en Marcelle. Op die plaas is daar verskillende paadjies om te stap van so 2-5 km. Die paadjies gaan deur verskillende dele, grasveld, die vlei en ook die Mooirivier se walle. Ons het die tipiese voëls van die hoëveldgrasveld gesien en gehoor soos oranjekeelkalkoentjie, vleitinktinkie, rietsangers. ‘n Paar roofvoël hoogtepunte was die langkuifarend en die bruinjakkalsvoël. Ons het omtrent 60 spesies die oggend gesien.

Wat veral goed was, was dat nuwe klublede ook saam na die uitstappie gekom het en so kan deel word van die klub en kan leer van voëls. Na die rondstap het almal onder die afdak gesit en hul piekniek geniet.

Baie dankie aan Ewan en Marcelle vir die toegang tot julle plaas en al die lede wat saam gekom het.

Lieske Burger



# OUDEVLEI GASTEPLAAS

Die riete en waterplante rondom die vleiland het gemaak dat ons nie oop damme water kon sien nie, en so ook nie die gewone watervoëls nie. Wel ander grotes soos geelbekeend, bruinjakkalsvoël en langkuifarend tot die kleineres soos witvlerkflap, grootrietsanger, Kaapse rietsanger en rooiassies en 'n vergane rinkhalsslang waarvan net die vel en 'n paar werwels oorgebly het.

Marietjie Ferreira





Piekniek



Rinkhals



Die Eikeboom op Oudedorp


Die Eikeboom
op Oude Dorp
Historiese bome Radiopraatjies Dr. J Van Tonder
Oude Dorp naby Potchefstroom
DIE EIKEBOOM OP OUDE DORP
'n Eikeboom is omstreeks 1838 op Oude Dorp langs Mooirivier naby Potchefstroom geplant. Dit staan vandag nog daar en die stam is so dik dat twee en 'n half mansarmlengtes nodig is om dit te kan omvat.
Die leier van die Tweede Trek in die dertiger jare van die vorige eeu, Kommandant Hendrik Potgieter, het in 1838 die plek langs Mooirivier gekies om 'n dorp uit te lę en waarvandaan die Trekkers dan in verskillende rig-tings na die omgewings van die huidige Klerksdorp en Rustenburg kon versprei en gaan woon.
Die terrein langs Mooirivier was op dié plek gelyk en die baie water en helder fonteine het hulle aandag getrek. Dit was hierdie faktore wat die dorp 'n werklikheid gemaak het. Die sterk waterstroom kon in vore na landerye gelei word. Daar was voldoende klippe om huise en kraalmure te bou. Hout het ook nie ontbreek nie.
Die Voortrekkers wou nie gedurig net trek nie. Hulle wou gevestig raak en daarom het hulle boomplantjies, steggies, pitte en saad van allerlei aard saam met hulle op die waens geneem. Daarvan getuig die tune en landerye oral waar hulle 'n tydlank vertoef het. Ook langs Mooirivier het hulle vrugte-bome geplant want daar staan vandag nog trossiepeer-, Adamsvye-, katowa-druiwe, geelperske en oorblyfsels van ander vrugtebome en struike.
Toe die reëntyd aangebreek het, kon die Trekkers nie langer op daardie plek, wat as Oude Dorp bekend geword het, bly nie. Daar was letterlik te veel water want dit het geblyk dat die grond vlak, potkleiagtig en klipperig was. Die vooruitsigte om daar permanent te woon, het onmoontlik geword.
Daar is toe besluit om 'n uur te perd langs Mooirivier af te trek en om van meet af aan huise te bou, landerye aan te lę en om met die boerdery-beplanning voort te gaan. So het die huidige welvarende dorp Potchefstroom tot stand gekom. Die lettergroep „Pot" in die naam dui op die naam van Hendrik Potgieter „chef" beteken hoof of leier, en stroom kom van die Mooirivierstroom.
Op Oude Dorp staan die sterk damwal met populierbome en ook nog verskeie kraalmure en huise met mure wat amper 'n meter dik is. Dit lyk na miniatuurfortjies.
Kommandant Hendrik Potgieter het nie lank op Potchefstroom gebly nie, want hy wou nader aan Lourenco Marques en 'n seehawe kom. Daarom het hy en 'n aantal volgelinge tot by die huidige Ohrigstad getrek maar die koorssiekte het dit noodsaaklik gemaak om na Soutpansberg te trek waar hy 'n dorp aangel het wat later heeltemal verdwyn het. Hy lę naby die dorp Louis Trichardt, begrawe.
Gasteplaas
OUDEVLEI
Potchefstroom

**BYDRAES**

## OPM PROZESKY VOëL RESERVAAT

Die Prozesky voëlpark staan nou doodstil. Vir die afgelope jaar het baie plaasgevind, maar niks het verander nie. Die paaie is onbegaanbaar na die baie reën, en die pad na die verste skuiling is weggespoel en toegegroei. Miskien sal 'n weermag pantser voertuig kan deurgaan. Die beton muur val verder om en dit laat die “free radicals” vrye toegang.
Die plaaslike owerhede het baie beloftes gemaak, maar behalwe dat hulle die slot verander het en ons nie kan binne gaan met ons motors nie. Al wat in hulle guns tel is dat die gras om die Kiosk gereeld gesny word, en dit is skoon en gangbaar. Die enigste uitweg nou is om te wag vir die wintermaande sodat die riete wat werklik oorgroei en onbeheerbaar is, kan afbrand en dan begin die sirkel weer van vooraf.
Die hele Prozesky gebied val onder die rioolplaas en dit is ook baie verwaarloos, so hoekom sal hulle besorg wees oor 'n paar voëls.
Die jaarlikse valkietelling het ook nie plaasgevind nie, en is voorlopig uitgestel. Met ons 40 jaar feesviering sal daar nie tyd wees nie, want kort daarna gaan hulle terug noorde toe vertrek.
Alles is darem nie doom en gloom nie, daar is baie ander aktiwieteite wat ons geesdriftiges besig hou en uitdaag. So ons ontmoet weer binnekort onder die groot boom.

Nick Jonas







**PROZESKY IN DIE OU DAE**









# WHITE-FRONTED PLOVER

February 2024 - Mtunzini, KZN
A camera trap was placed near a White-fronted Plover nest in mid-February. A few interesting points emerged from the approximately 1600 images taken over a two-day period.
**Firstly**, During the very hot weather on the 15th February the returning bird at nest change-over, first wet its belly feathers in the sea, then sat on the eggs ensuring egg moisturization (necessary for eggs being incubated).

The wet belly feathers are visible below.



It is quite incredible to witness the extreme conditions that these beach inhabitants have to endure!
The camera temperature at midday on the 15th February was 45 degree celcius!!!!!!!! It was placed about 40 cm above the hot sand, so, the nest temperature would be even higher!!
The following images show the sandblasting they face when it's windy and they're incubating!



The incubating bird pants as it sits out its spell of midday incubation (both incubate).



Seconds later, the wind picks up again.




Incubation changeover. It is the other bird's turn to face the wind and sandblasting!



...... which was relentless on that particular day!

Then, finally, a small point that the camera trap picks up. Eggs being incubated need to be continuously turned. The following convenient nocturnal images show how the egg positions had changed when the incubating bird(s) had gone off to feed and temporarily left the eggs unattended! White-fronted Plovers frequently feed during the night.




*Hugh Chittenden*
*Ingestuur deur Rudy Erasmus*

## BARN SWALLOWS - HOW THEY COPE WITH ECTOPARASITES

**Febuary 2024**
Barn Swallows are globally the most abundant swallow species, and consequently, they are also one of the most well studied migratory species. It is estimated that annually, in excess of 100 million birds migrate from Europe and Asia to Africa. **Like all birds, they carry avian lice and bird mites**. These blood-sucking ectoparasites are easily transmitted between individuals and if Barn Swallows carry enough mites, they become anemic and emaciated from constant blood loss.



An adult Barn Swallow photographed in March, just prior to northbound migration.



A juvenile in the early stages of plumage transition to adulthood. This 8 - 9 month old bird will moult into adult plumage, return to Europe and probably breed within the next 5 months as they are capable of breeding at one year of age!



An adult sunning on a hot day in the height of summer (February)!

A panting bird showing signs of heat stress!



One of the most dominant mites affecting birds is Tropical Fowl Mite Ornithonyssus bursa. These mites cause irritation, severe dermatitus and anemia.
Feather lice Myrsidea rustica feed on the feathers, producing small holes which affect the neck and belly. Neck and belly feathers are raised to allow for maximum sun penetration. One of the most dominant mites affecting birds is Tropical Fowl Mite Ornithonyssus bursa. These mites cause irritation, severe dermatitus and anemia.

An adult with tail spread and underwing exposed to the sun.





Neck and belly feathers are raised to allow for maximum sun penetration.

A juvenile lying partially on its side in full sun on a hot February day!



In the northern hemisphere, males perform elaborate courtship displays to attract females. Research in Europe has shown that returning males with long streamers attract mates sooner than males with short tail streamers!

Below: A male with exceptionally long tail streamers. This bird had almost completed moult by mid Febr.





Females lack tail streamers. Photographed in new plumage during the last week of March, only days before northbound migration.

All the above 'sunning' photographs were taken between December and February. Mtunzini, KwaZulu-Natal

***Hugh Chittenden***
***Ingestuur deur Rudy Erasmus***

# NAMIBIË JANUARIE 2024 TOER

Ek, my dogter van Kanada en vier studente het hierdie toer met groot entoesiasme en vooruitsigte aangepak. Ek vir ongeveer die vyftiende keer en laasgenoemde vyf was nog nooit in Namibië nie. In kort, Nata Lodge in Botswana, Caprivi House Boat Safari Lodge in Oos Caprivi by Katima Mulilo, Nunda Lodge, wes Caprivi by Divundu, Taranga Lodge, 35 km wes van Rundu, Etoshapark, Erongo Rocks naby Omaruru en Goanikontes Oase in die Swakopriviervallei so 20 km oos van Swakopmund en terug deur Botswana via Buitepos. Twintig dae, 5500 km, 380 spesies, R12 300 per persoon alles ingesluit.

Namibië is ‘n baie populêre bestemming vir buitelandse besoekers en is vir ons nie meer die goedkoop kuierplek van weleer nie. Die lodges is DUUR en selfs kampplekke in Etosha werk uit R555 per persoon per dag. Elders is kamptariewe darem nog gangbaar en ‘n kampvakansie, wat my betref, bly die enigste opsie. Caprivi House Boat Safari Lodge het egter vier permanente tente met twee ablusies en ‘n goed toegeruste kombuis teen R400 per persoon per dag. Met Langkuifloeries en ander in die bome om jou is dit voorwaar ‘n prima bestemming. Die klein lodge het net twee gewone kampplekke en Kurt Sagell, die eienaar, ken die voëls en die omgewing en neem besoekers uit teen baie billike tariewe.


Rooiborsbyevreter

Die ietwat gehawende en effens verbleikte Rooiborsbyevreters, na hulle broeiseisoen, het ons verwelkom by die Stockpoort grenspos. Op die drade, onder die dakke en op die plaveisel van die grenspos. Hierdie klein en stil grenspos gaan ek beslis weer gebruik.

Sowat 60 km noord van Francistown loop die pad na Nata tussen twee beboomde klipkoppies deur. Dit is die verste Suidwestelike punt van die verspreidingsgebied van die Swartberglyster. Daar is ‘n gerieflike skadu maroela reg langs die pad en die Lysters is gewoonlik op die groot ronde granietrotse te sien.

By Nata Lodge is kampplekke hoofsaaklik op sand tussen bome. Die lodge het ‘n redelike tuin en voerplek. ‘n Byna inwonende Spookvoël en gewoonlik Bosveldpapagaaie, Rooikopwewers en nagapies is hier te sien.

Bosveldpapagaai




Dwergganse

As mens tyd het kan jy twee nagte hier oorbly en die dag gebruik om die “Nata Birdsanctuary” oorkant die hoofpad te besoek. Dit is deel van en geleë op die Noord-oostelike punt van die Makgadikgadipanne. Wanneer toestande gunstig is, is hier baie Flaminke en ander watervoëls te sien. Die bos aan die kant bied ook goeie voëlskyk.



Dwerglangtoon



Klein soos hulle is kan hulle heftig hulle gebied verdedig. In hierdie geval het die die kleiner meer gehawende Dwerglangtoon die groter een verjaag na ‘n deeglike onderdompeling.
Van Nata strek die pad so te sê reguit vir net meer as 300 km deur hoofsaaklik onbewoonde gebied en sekere tye van ‘n gunstige jaar groei die gras twee meter hoog tot letterlik teen die teer. Olifante en ander wild kan baie onverwags tevoorskyn kom in hierdie grastonnel. Behalwe by Mpadamatenga waar boere sorghum en ander gewasse produseer op landerye wat tot by die gesigseinder strek. Hiervandaan ry mens tot by Kasane deur fossielduine wat so dig bebos is dat die op en af moeilik is om as duine te herken.
Ek weet die lang afstande noop mens om voet-in-die-hoek te ry om by jou eindbestemming te kom, maar sodoende gaan daar groot voëlkyk gebiede/geleenthede verlore. Ek sien nog dat die hoë brandstofkoste van R2/km en hoër ons nog gaan dwing om kleiner gebiede meer deeglik te bekyk. Afhangende van wat mens graag wil sien bly die Caprivi omgewing een van die kersies op so ‘n toerkoek. Meer tyd was ongetwyfeld hier nodig.

Die Geelkeelwillie is een van die meer skugter spesies en alhoewel hulle relatief nuut in hierdie gebied is en ook hier broei is ek onrustig dat die byna oordrewe aandag wat hulle kry hulle mag verdryf.



Geelkeelwillie



Langkuifloerie

Vir spesies soos die Knopsterttroupant en die Wimpelvlerknaguil skud Kurt Sagell net sy kop as jy vra om hulle te sien. Twee jaar gelede het hy nog een aand reguit na die Wimpelvlerk toe gery, maar alhoewel ons twee keer uitgery het kon ons twee jaar gelede nie die Knopsterttroupant opspoor nie.

Met drie kameras en die sigbaarheid van die Langkuifloerie het ons letterlik honderde goeie fotos en sal meer reg laat geskied tydens ons voordrag.



Mooimeisie



Oranjeborsboslaksman

Ek kan nie nalaat om hierdie Mooimeisie en die Oranjeborsboslaksman ook by te voeg vir Oos Caprivi nie. Hulle kom voor in die hoofsaaklik Sandgeelhout bos op die effens hoërliggende dele van die Zambesierivier se vloedvlakte.

Hiervandaan ry 'n mens wes deur die pypsteel van Caprivi tot by Divundu. Hierdie gedeelte bestaan nog gelukkig uit parke. By Divundu kan jy ook Suid draai saam met die Kavango rivier na die Okavango-moerasse en dit is seker maar omtrent 30 km tot by Drotsky's Cabins vir 'n goeie kans om die Visuil te sien. Juis op hierdie pad baie naby aan Divundu is Nunda Lodge met 'n baie geriflike kampplek. Hier is 'n rit op die Kavango 'n moet saam met Bassie die voëlgids. Hy is 'n kenner soos min en jy hoef maar net 'n aanduiding te gee van watter voëls op jou lysie is. Nunda Lodge is net stroomaf van die Popavalle, wat eintlik maar net 'n stroomversnelling is tussen rotse deur. Dit is hier waar die Withalsspringkaanvoëls op die rotse broei.

Hierdie keer was dit effens later in die seisoen en die rivier was voller met minder sandeilande waar die Rooivlerkspringkaanvoëls en die Waterploeërs gewoonlik broei. Ons het darem eersgenoemde te sien gekry. Vroeër in die seisoen is die sandwalle ook vol Rooiborsbyevreters en die veelgeroemde groenkop-enkeling van die Noordelike Rooiborsspesies was ook ongelukkig al weg.

Twee Draadstertswaels het hulle nes onderaan die dubbelrompboot gehad waarmee ons op die rivier rondgery het. Hulle het ewe gedwee orals saam met die boot gevlieg en kortkort in die ry hulle nes besoek. Voorwaar 'n "houseboat safari" vir hulle. Divundu het 'n groot Metrowinkel wat alles aanhou asook 'n netjiese nuwer klein mall net verby die vulstasie langs die Metro. Hou hier dop vir Moskeeswaels op die kragdrade en ook Witkeelmossies in die gewoel by die winkel.



Draadstertswaels



Lelkraanvoëls waarvan ons sestien gesien het en 'n Letswe. In die somer is die wêreld mooi groen.

Die vloedvlakte weerskante van die Kavangorivier is natuurlik ook ‘n moet as jy hier is. Die oostekant van die rivier is mooier. Hiervoor moet jy terug op die grootpad na Katima net vir ‘n paar km en dan indraai by die Mahangopark se sogenaamde “Buffalo area” en dan verby die geraamte van Kol. Breytenbach se Weermagkamp wat dateer uit die grensoorlog se tyd. Nie te ver van die Botswanagrens is daar ‘n bordjie wat sê Deltapan. Pragtige oop veld tussen groterige bome vir so 8 km as jy die Bontpiek wil sien.


Bontpiek

‘n Bontpiekpa met sy kleintjie. Hierdie swart voëltjies is maklik om te sien in die oop bos. Selfs ek kon hulle kry.

Vanaf Divundu weswaarts na Rundu is die natuur nog redelik ongerep en net ‘n oggend se ry, dus kan jy dit stadig vat en goed rondkyk. Alhoewel ons nie tyd daarvoor gehad het nie bied Rundu se rioolsuiweringsaanleg geleenthede om Vlei-kuikens en ander waterliewende voëls te sien.
Ons het wel so 20 km suid van Rundu, op pad na Grootfontein, afgedraai na ‘n hoë radiomas, wat maklik sigbaar is van die teerpad af, om te soek na die Rooipensmees maar nie gesien nie.


Rooikuifloerie

35 Kilometer wes van Rundu is Taranga Lodge met heerlike begrasde kampplekke onder groot doringbome. Die kersie op hierdie koek is ‘n byna inwonende Rooikuifloerie. Met die nodige geduld is mens byna verseker van ‘n sien by ‘n klein dammetjie, waar hy kom drink, of by bessies en vyebome in die lodgegronde.
Hiervandaan is dit ‘n baie harde dag se ry om by Ruacana en die Kunenerivier se “specials” uit te kom met geen gerieflike oorblyplekke tussenin nie. Die Angolasysie, wat die afgelope tyd as gevolg van ‘n erge droogte, nie gesien word nie, het ons, tot groot blydskap van die jonger garde, laat besluit om hierdie been van die toer te ruil vir ‘n dag deur Etosha.
Op pad van Rundu na Grootfontein, ry mens so 50 km duskant Grootfontein by Roy’s Camp verby. Hier is jy so-te-sê verseker om die Swartwangkatlagter te sien. Hulle broei selfs in ‘n boom by ontvangs. Die vriendelike ou by ontvangs het dit gou opgemerk, toe hy die kameras sien, het hy geweet dit is katlagterjagters. Hier het ek ook gesien hoe oorvloedig rysmiere se vlieërs kan wees. In ‘n uitkykskerm by ‘n dammetjie, het daar letterlik ‘n kruiwavol van hulle vlerkies opgehoop. Blykbaar het die Damarra Dikdikkies en die nagapies ‘n fees van die termiete gemaak.



Tussen Grootfontein en Tsumeb en Etosha het ons ‘n draai gemaak by die Hoba meteoriet van 60 ton. Daar was op ‘n tyd glo ‘n poging van die Amerikaners om hierdie meteoriet, wat die grootste bekende een op aarde is, na Amerka te neem. Gelukkig het dit toe nie gebeur nie.



Jonathan, “Ek moes water saamgebring het.”



Perskakelaars

Gelukkig het ons hierdie Perskakelaars in Halali kampterrein raakgeloop. Die Kaalwangkatlagters was ongelukkig elders doenig. Hierdie kampterrein is vewaarloos en met die kampfooi, dagfooi en voertuigfooi kos dit R555 per persoon per dag.
Die nuwer kampe verder wes in die park soos Olifantsrus en Dolomiet, is blykbaar ‘n beter opsie.



Noordelike Witvlerkkorhaan

Etosha bly maar ‘n absolute unieke omgewing.


Die Noordelike Witvlerkkorhaan was letterlik op byna vat afstand. Ek weet nie of hy sy teritorium wou bevestig het nie maar hy was oorverdowend so naby.

Suidwaarts na Omaruru en die Erongoberge beland ons toe op Erongo Rocks se Camp Granite. Regtig iets om te beleef tussen die groot granietrotse.

Terwyl jy op jou kampstoel sit in die kamp vergas die parakiete jou met hulle mannewales by ‘n paar broeiplekke.

By ‘n drinkplek twee meter van die braaiplek.







Die helder en skoon naghemel. Hier kan jy lekker batterye laai.

Met ‘n bietjie moeite kon die jongmanne die Rotsvoël opspoor maar die Klipfisant het ons eers op pad na Uis gesien. Hoe mooi hierdie kamp ookal is dink ek van die kampe dieper in die Erongoberge in, is ‘n beter opsie om laasgenoemde twee spesies op te spoor.
Op pad na Uis by die oorgang oor die Omarururivier het ons Bloupenspapegaaie en Perskakelaars in die groot doringbome raakgeloop.



Hiervandaan na Uis en dan Noord tot by die Brandberg het ons baie stadig gery om te sien of ons nie die Hererospekvreter kon opspoor nie. Selfs teen die Spitskoppe verby, baie ander Spekvreters maar helaas geen Hererospekvreters nie.





Kyk in die middel van die foto links. ‘n Mens moet fyn kyk en dit is gewoonlik ‘n beweging wat jou aandag trek.
Hier is drie Namiblewerikke op die foto. In die middel van bo na onder.



Kleinflamink.

By Walvisbaai se strandmeer is dit ‘n fees van watervoëls sommer hier by jou.

Vir my en Jonathan was die groot uitdaging van hierdie omgewing om die Duinelewerik by te trek. Daar is darem plantegroei in die duine, en met Jonathan se vlugvoetigheid in die sand kon hy twee opspoor. Dit was ook Nr. 600 op sy lys.
Om hierdie menere te kry moet jy van Walvisbaai af Suidoos vir 40 km tot by die Rooibank pompstasie aan die Kuisebrivier ry. Hier het ons Oos al langs die Kuiseb af vir nog 10 km. gery.
Mens moet vir ‘n km deur die droë wye Kuisebbedding stap om by die duine aan die Suidoewer uit te kom. Mens kan net met voertuigoorgange oor die pyplyn kom wat al langs die Noordoewer loop.
Tussen die oewer en die pyplyn woon lede van die Topnaars en omdat ek nie my voertuig alleen wou los nie het ons tot by ‘n stat van Katriena en Willem gery en gevra of hulle so ‘n ogie kon hou.
Met hierdie hoogtepunt kon ons ‘n BAIE bevredigende toer afsluit en die langpad oor twee dae terug huis toe aanpak. Ons het net duskant Buitepos aan die Botswanagrens by Zelda’s oorgebly.



Stefan Heydenreich

# IN DIE NATUUR OP MENSGEMAAKTE STRUKTUUR
















# In Die Natuur Op Mensgemaakte Struktuur



















Marietjie Ferreira

## VERRASSING OP KERKENBERG

Ek weet (nog) baie min van voëlskyk, maar kyk hierdie oulike Jangroentjie wat ek so twee weke gelede bo -op Kerkenberg afgeneem het. Daar is heelwat Sugarbush Proteas op die berg, en hierdie outjie het heeltyd daar rond geflits terwyl ons koffie en broodjies geniet het.

Ek het ongelukkig nie 'n groter lens saamgedra nie, anders sou mens dalk hom van nader kon afneem. Maar hierdie is reg teen die krans, op ongeveer 1700m elevation.

Cornelia van Biljon






In sy broeiverekleed is die mannetjie heeltemal blinkgroen, buiten sy blouswart vlerke en stert.
Mannetjies wat nie nes maak nie, het 'n geel onderkant met verspreide groen vere, die wyfie word aan haar grootte en lang snawel uitgeken.
Boer meestal in groepies op fynboshellings (en selfs in voorstedelike tuine in kusstreke), teen koppies in die Karoo en op voorheuwels van berge.
Die mannetjies sing dikwels van 'n hoë uitkykpos af en is besonder aggressief teenoor ander mannetjies.
Uiter 'tsjoe-tsjoe-, tjie-tjie-tjie-tsjioe … tjit-tjit-tjit …' met variasies in spoed en volgorde, asook 'n vinnige gekweel.

# MY ERVARING AS KLUBLID

Die 40ste Verjaarsdag saamtrek het my baie laat terugdink aan die begin jare. Hoe interessant dit is om te sien hoe die dinamika verander het van toeka se dae tot nou.
Ek het van kleinsaf baie in die natuur belanggestel en ek was gelukkig om baie geleenthede te kry om in die natuur te kon wees. Toe ek by Buffelsfontein Myn begin werk het, was ek saam met Sam by een van die skagte ingedeel en dit is waar my ernstige voëlkyk begin het. Ek het Sam die eerste keer op Universiteit ontmoet en ons was saam op ‘n paar geologie uitstappies. Dit was my eerste ervaring van vroegoggend met ‘n klomp studente bymekaar te kom en dan met ‘n kombi of twee of ‘n bus op uitstappies te gaan. Ons het ‘n paar interessante geologiese plekke besoek en iewers deur die dag gestop om gou ‘n worsie te braai of iets te maak om te eet. Met langer uitstappies het ons gekamp, met of sonder ‘n tent, en het ‘n paar keer amper gevries. Ek onthou een jaar het ons in Julie by Bloemhofdam gekamp sonder tente met ‘n kouefront wat oorgekom het. Dit het die grondslag gelê vir ons voëlkyk uitstappies.
Ek het die meeste algemene voëls geken, hulle roep en gedrag en moes net die regte naam by die regte prentjie sit. Die eerste stap was sluit by BirdLife en die klub aan. Kry ‘n voëlboek (‘n Roberts en ‘n Newman’s), dan is ‘n verkyker ‘n moet, (7x50) het baie goed gewerk. ‘n Klein bandopnemer met ’n stel van 6 kasette met voëlgeluide. ‘n Goeie mikrofoon het ook gehelp en later het jy ‘n teleskoop gekoop as jy dit kon bekostig. ‘n Kamera was daardie tyd nie van belang nie.
Die klub was op daardie stadium voluit aan die atlas. Ons het by die staatsdrukker 1:25000 en 1:500000 topografiese kaarte bestel. Dan het jy al die atlas blokke op hulle gemerk. Ons het ook die inligting gekry van waar die probleem blokke is. En so het ons begin. Enige plek waar jy gaan, het jy voëls begin afmerk. Ons het in Potch gebly en naby Stilfontein gewerk. Ons het dan elke dag ons pad beplan om ‘n paar blokke te kruis. Ons het al die voëlname in die rekenaar in Excel ingetik en dit dan gebruik om ons lyste te maak vir al die verskillende areas.
Ons het die roete beplan deur eers op die kaart te kyk waar byvoorbeeld plaasdamme, vleilande of areas met heelwat bome voorkom. Ons het dan begin soek na voëls. Na ‘n paar maande het jy die algemene voëls se nommers uit jou kop uit geken. Ons het vir elke blok ‘n lys gemaak en hulle afgemerk soos ons ry. As ons stop het ek dadelik begin phish. Ek kan nie onthou waar ek dit geleer het nie maar ek was nog jonk toe ek begin phish het. Soms het jy nie veel reaksie gekry nie, maar die meeste gevalle het van die voëls gereageer en soms het van hulle heftig gereageer. Dit het baie gehelp, want die voëls se eerste reaksie was vir almal om doodstil te sit. (Ek het baie keer in die wildtuin gesien dat as jy op ‘n goeie plek stop dan lyk dit eers of daar niks is nie, maar na so rukkie begin jy orals beweging sien soos wat hulle ontspan en weer met hulle normale aktiwiteite voortgaan.) Ons het dan die bos, dam of vlei met die verkykers deursoek en alles wat ons kon sien, afgemerk. Dan het ons uitstappies gedoen na al die natuurreservate in die omgewing. Van die lede wat in die omgewing geboer het en waar dit swak geatlas was, het soms die klub genooi om op die plaas te kom kamp en dan het ons die area geatlas. Ons het baie sulke uitstappies gehad en almal was interessant, vol avontuur en sommer net groot pret.
Die eerste ding wat ek gedurende die feesnaweek opgemerk het, was ‘n paar sekondes nadat ‘n voël opgemerk is, was daar foto’s waarop jy met gemak kon kyk wat dit is. In die oudae moes jy vinnig kyk voor die voël in die bos of gras verdwyn of wegvlieg. Ons het baie op sy roep of gedrag staatgemaak om met sy identifikasie te help. Die ontwikkeling van die rekenaar tegnologie en selfone met al die programme wat aanhoudend verbeter word, het ‘n reuse omwenteling in voëlkyk gebring. Jy kan ook dadelik sien wat jou posisie is sonder om dit op ‘n kaart te soek. Jy kan ook vinnig inligting uitruil en raad vra as jy onseker is oor iets. Ek dink dat boeke ook maar opsioneel is, want jy kan al die nodige inligting op jou selfoon saamdra. Ek onthou daar was ‘n persoon (kan nie onthou wie nie) wat vir ons baadjies en ‘n skouersak met al die regte grootte sakke gemaak het. Daar was plek vir jou boek, bandopnemer, kassette, pen en voëllys en alles wat jy gedink het jy nodig het. Ons het die baadjies versier met die lapwapens wat ons bymekaar gemaak het by al die plekke wat ons besoek het.
Net na die atlasprojek is ek verplaas en het die volgende tydperk van voëlring gemis. Ek was egter nader aan die Kruger Wildtuin en Noord Natal met plekke soos Ndumo, Tembe, Mkuze, Hluhluwe en Umfolozi en St Lucia wat ongelooflike voëlkyk plekke is. Ons het later ‘n klub in Secunda begin en ons eerste Birding Big Day as ‘n klub gehou. Ons het ‘n paar lekker uitstappies in die omgewing gehou en die klub het goed aan die gang gekom, maar toe word ek weer verplaas.
Vir my was die Wesvaal klub die beginpunt in my lewe wat my in ‘n voëlkyk rigting gestuur het. Waar ek my liefde vir die natuur kon uitleef en dit het ‘n baie groot deel van my lewe geword. Alhoewel die voëlkyk ‘n fokuspunt was, het dit as pakket gekom en het ander velde ingesluit soos die verskillende mooi natuurstreke, al die interessante diere, bome en ander plantsoorte en dan ook nog die insekte.
Ek hoop Birdlife Wesvaal gaan nog lank bestaan en nuwe jong mense gaan die tuig opneem en die klub verder dryf en voortbou. Die klub was nog altyd geseën met toegewyde en begaafde mense soos die 40 ste verjaarsdag viering nou weer gewys het.

Herman (Harry) Olivier

# 40 JAAR:  TERUGSKOU

Die BirdLife Wesvaal Voëlklub in Potchefstroom het die afgelope 40 jaar net van krag tot krag gegaan waar onder andere die gesegde: "**Birding takes you places**", waar word. Een van die groot lekkertes van deel wees van die klub, is juis die geleentheid om so baie plekke te besoek waarvan sommige hieronder gelys is:

| | | |
|---|---|---|
| Abe Bailey NR | Haagnerplaas, Potchefstroom | Ottershound, Parys |
| Amajuba Meander-Memel | Hekplaas, Potchefstroom | Oudevlei Gasteplaas |
| Barberspan | Herondale, Potchefstroom | Pilansberg |
| Bar Bosa K&K | Joggie Pieters NR | Plaas-Makokskraal |
| Ben Alberts-Thabazimbi | Klipdriftdam | Prozesky, Potchefstroom |
| Benfontein-Kimberley | Kgaswane NR Rustenburg | Ratsegaai, Ventersdorp |
| Berts Bricks, Potchefstroom | Kokomoro-Limpopo | Rietvlei NR |
| Bloemhofdam,Sandveld,SALombard | Kopjeskraal-Vredefortkoepel | Rob Ferreira, Christiana |
| Borakolalo | Kraalkop Myn | Rondekop-Parys |
| Boskopdam, Potchefstroom | Kruger Wildtuin | Wolwespruit |
| Botsalano | Kwazulu Natal-toer | SA Birds of Prey-Krugersdorp |
| Buffelsfontein Goudmyn wildskamp | Landboukollege Potchefstroom | Samaria in Mapungubwe |
| Buffelskloof & Buffelsvlei | Lekwena, Potchefstroom | Schoemanshof, Vaalrivier |
| Bulskop-Ventersdorp | Leeuwbosch NR-Setlagoli | Skeerpoort |
| Buysfontein-Hartebeesfontein | Lemoenfontein | Soet-dorings Potchefstroom |
| Rehabilitation of Wildlife JHB | Lydenburg | Sionsberg Kamp-Heidelberg |
| Chrissiesmeer | Magalies Mountain Sactuary | Soutpan |
| Danie Yssel-Ventersdorp | Makwassierante | Stonehenge |
| Deelkraalmyn | Marakele | Thabela Thabeng, Koepel |
| Devon | Marievale NR | Treehaven |
| Ditsong Museum | Matopi-Pienaarsrivier | Thaba Tswene Lodge |
| Donkervliet | Memel | Thabazimbi |
| Dusky Haven Plaas | Mkuze & Itala-Noord Natal | Vaal Reefs Gliding Club |
| Elgro River Lodge, Vaalrivier | Modderdam, Potchefstroom | Vaalkopdam |
| Enselsspruit naby Zeerust | Modderfontein | Vanderbijlpark |
| Faan Meintjies NR | Molopo NR | Verlorenkloof |
| Fanie Labuschagne vakansie-oord | Montague NR | Venterskroon se paaie en plekke |
| Freeme en Botaniese tuin-Sandton | Naschem wildtuin | Vredefortkoepel paaie en plekke |
| Frikkie v. Rensburg Schoemansdrif | Naturama Voëlteelstasie Boskopdam | Vredefortdam, Vredefort |
| Flock at Sea bootreis | Nyala Lodge | Wakkerstroom |
| Golden Gate, Vrystaat | Northam | Witkoppies-fontein |
| Griffon Rehabilitasiesentrum Potch | Nooitgedach-Schoemanshof | Witrand, Potchefstroom |
| Groot Marico | Nylstroom Nylsvley | Wolwespruit |
| Grootpan-Koster/Lichtenburg | NWU Botaniese Tuin | Zaagkuildrif |
| Inni-kom Landgoed, Parys | Orkney | Zoooo baie lekker plekke!! |
| Moenie vergeet van die toer na Stella, Klagameng, Brey en tot in Piet Plessis! | | |

Dan was daar ook vroeër jare uitstappies saam met onder andere die Natuurlewe - en Dendrologiese Verenigings, die Sterreklub van Potchefstroom en Vaal Reefs Bird Watching Club.



## INTUITION, COMPASSION, GOOD INTENT

This wild Kingfisher's grandparent, I found in the garden, nearly dead, some years ago. Nursed him back to health, and set him free.
The next morning, the family swooped down, past me, in gratitude.
A couple of years later, I awoke to find the next generation, a parent of this bird, waiting for me on the terrace, his wing seemed broken. I picked him up and examined him. He never flinched, and stared deeply into my eyes. A thorn had locked his wing from operating. I pulled it out, and set him free. Without fail, he passes my window every day at the same time, crying out to me.
This baby, sat in the tree, eye to eye with me, then flew directly to my hand, and sat there for several minutes, before flying away.
Intuition, compassion, good intent, those essences of love, was all we had. Pure, unspoken.
An energy that has no end, and passes silently

## NO, IT IS NOT PHOTOSHOPPED

.
Randy Wei (@randy_simplelife) got into bird photography back in 2014. During the day, he works as an industrial design director, but after work, he likes to walk into nature with his camera and lens. He came across this fun shot he took of a red-shouldered hawk and a frog and connected with him to learn more about it.
I was shooting in a local park and my original target was to get a photograph of a hooded merganser. All of a sudden, a red-shouldered hawk appeared and landed in the mud under the shade. Then I started to see this hidden frog appear and begin to slowly start hopping toward the water. As the frog hopped, the hawk just stared at it without much action. I fired as many shots as I possibly could of these two in frame without much thinking, and this one appeared as if they were walking together. Well, that's the shot, I thought! onward, much further than we can imagine...



**BIRDING BIG DAY**

**7 DECEMBER 2024**

BirdLife South Africa's 40th Birding Big Day (BBD) will take place on Saturday, 7 December 2024 and you're invited to take part. You can spend the whole day birding or just a few hours in your garden or local park.

All you need to do is create a team of at least four birders, choose an area to bird and then register. You can log your sightings on the BirdLasser mobile app or simply jot the species down on a piece of paper.

Birders can register for one of two categories: 50km or 6km radius. For the first, you choose a central point and record as many species as you can within a 50km radius of that point. The second category is designed for birders who prefer to atlas a pentad, enjoy birding while walking or cycling or can only do so for a limited time. Even in this category, you can upload your sightings using the BirdLasser app, and a dedicated online map will be provided.

South Africa's tally of 880 birds (recorded in BirdLife South Africa's *Checklist of Birds in South Africa*) accounts for almost 9% of the total global species. On BBD, the collective effort usually results in about 650 of these species being recorded in just one day – a remarkable feat!

For many avid birders, BBD is not only an exciting competition, but also an opportunity to spend quality time with friends and family outdoors, revelling in the diversity of birds. In the past two BBD events, we were thrilled that more than 400 teams, comprising over 1000 birders, participated.

This year we invite you to join us and contribute to making 2023's BBD the biggest ever! All you need to do is assemble your team, plan your route and register for the event.

For more information, go to birdlife.org.za/support-us/events/birding-big-day-2024/ or e-mail me at ernst.retief@birdlife.org.za. Please register at birdlife.org.za/birding-big-day-2024-entry-form/.

Don't miss out on a day of fun! Let's make this year's BBD an unforgettable experience.

ERNST RETIEF, BIRDING BIG DAY ORGANISER

# BIRDLIFE WESVAAL VOëLKLUB

Vir meer inligting/
For more info:

Die Voorsitter/The Chairman
BirdLife Wesvaal
POTCHEFSTROOM
2520

Find us on: facebook

**Mission.** BirdLife South Africa strives to conserve birds, their habitats and biodiversity through scientifically-based programmes, through supporting the sustainable and equitable use of natural resources and by encouraging people to enjoy and value nature.
BirdLife South Africa is a registered non-profit and public benefit environmental organization with over 6000 members in 32 bird clubs throughout South Africa. BirdLife South Africa produces its own birds and birdwatching magazine, African Birdlife.
Conservation is the primary reason for BirdLife South Africa's existence. While we engage in, promote and support other activities, such as birding tourism, community-based conservation and education work, everything is geared towards achieving bird conservation goals. BirdLife South Africa believes that by conserving birds, we can conserve the broader environment. Birds are amongst the most visible, and mobile, animals in our natural environments. A healthy environment will have a full complement of native birds, and for this reason birds are widely recognised as exceptionally good indicators of ecosystem health.
BirdLife South Africa makes a real difference to birds and their habitats, but our work costs money. We rely on the support and generosity of people and organisations to fund our vital work for conservation: we are grateful for any and all contributions.

## MEMBERSHIP OF BLSA & BLSA WESVAAL

Membership of this Club and BirdLife SA is on a “rolling basis” which means that if you joined, say in January, approximately 10 months down the line you will be receiving an invoice for the following year.
The first reminder is sent out TWO MONTHS in advance. When payment has not been received, a reminder is sent out ONE MONTH in advance - after that, if payment STILL hasn’t been received, BLSA will send your Club Chairman the third reminder. He or the Club Secretary will then contact you with another gentle reminder.
With all the electronic wizardry at our disposal, the most practical way of payment is a direct transfer into BirdLife Wesvaal’s account. (Bank details are obtainable from Sylvia Martens).
**Please make sure that you indicate that you also wish to be a member of the BirdLife Wesvaal Club.**
BirdLife will be happy to receive your credit card details by phone. Membership (Tel. 011 -7891122) is responsible for subscriptions at BLSA in Randburg - give them your credit card details personally.

## HERNUWING VAN LIDMAATSKAP

Lede se lidmaatskap is geldig vir 12 maande. Aan die begin van die elfde maand ontvang ‘n lid ‘n rekening vir hernuwing. Die geld word oorbetaal aan BirdLife SA wie se adres en besonderhede op die rekening sal voorkom.
BirdLifeSA hanteer die geld en administrasie en betaal van tyd tot tyd aan BirdLife Wesvaal die aansluitings fooi aan die klub oor.
Dit sal waardeer word as rekeninge so gou moontlik betaal word, omdat u vereniging die fondse benodig.
As daar onduidelikheid is, kan u vir Tom Drinkwater raadpleeg wat lede behartig of u kan skakel na BirdLife SA (Tel. 011 7891122 en vra vir Ntombi).
Lede kan nou ook by BLSA Wesvaal tak alleenlik aansluit, deur die R150 (gewone lid) R120 (Seniors) jaarliks in Januarie te betaal. Maar u is steeds welkom om aan BLSA sowel as Wesvaal tak te behoort.